# 59. U KAN MY STUUR

Ek wil kom stil word,
Hier aan u voete;
ek⌒wil kom hoor
Wat U vir my sê.
Ek wil kom oop maak
v-ir u Gees, JAH,
As ek my vrae
voor U kom lê.

*__KOOR__*
*Want soveel mense*
*sterf sonder Jah'Shua,*
*soveel mislei*
*na die ewige dood.*
*Daar's soveel oorvloed,*
*selfsug en rykdom,*
*wyl ander ly*
*in hon-ger-snood.*

Ek wil kom vra JAH,
wat van die kinders
wat nood en lyding
glad nie verstaan.
Wat van die mens
wat stukkend en seer is?
Wat van die een
wat eensaam vergaan?

*__KOOR__*
*As ek dan vra, JAH,*
*"waar is u liefde?"*
*Moet ek erken,*
*dit lê nog by my.*
*Hier in my selfsug*
*stap ek gevoelloos*
*by nood en seer*
*van mens verby.*

Maak my 'n beeld
van Jah-shau's liefde
om in die nood
u hande te wees.
Ek gee myself
aan U as 'n offer
onder beheer
van die Moe-der Gees.

*__KOOR__*
*Hier staan ek voor U,*
*net soos Jesaja.*
*Raak my nou aan*
*met u heilige vuur,*
*sodat ek oral*
*u⌒liefde kan uitdra.*
***Hier is ek, JAH***
***U kan my stuur!** (x2)*